## Die skepping van Adam en Eva

**162** Ek (**JaHshua**) sê: "Volgens die maatstaf van die feitelike, wêreldse verstand is jou opmerking oor Moses nie so erg nie; maar beoordeel met die verstand van die gees, is Moses heelwat anders as wat die woordelike inhoud (van die bewoording) jou sou laat glo. Origens verskil die woordelike inhoud van die eerste tekste nie so veel van die latere tekste as wat jy dink nie; want die latere tekste is meer `n kommentaar op die eerste tekste en gee `n nadere beskrywing van die wyse waarop - weliswaar in `n geestelike sin - die wording van die mens plaasgevind het.

[2] Op welke wyse die wording wat die natuurlike proses aanbetref, verstaan moet word, het Ek julle vir sover dit voorlopig vir julle noodsaaklik is, selfs al gedurende hierdie nag alreeds laat sien. En Mathaël, wat baie vertroud is met die kennis van die analogieë, het julle `n dag gelede ook vertel hoe die geskrifte van Moses verstaan moet word; en Ek moet jou, vriend Cyrenius, nogmaals sê dat jy werklik in alle erns baie kort van geheue is! Wel het Ek voorheen jou geheue nuwe lewe ingeblaas en kan jy jou daarin nou, as jy regtig wil, `n bietjie vryer beweeg; maar om jou twyfel aan die Mosaïese menseskepping tereg te wys, wil Ek jou nog soveel daarby vertel dat jy en ook nog talle ander daaruit sal kan aflei waaroor dit hier met hierdie saak nou eintlik gaan.

[3] Kyk, alles wat Moses met sy skeppingsgeskiedenis sê en eintlik wil sê, het in die eerste plek enkel en alleen betrekking op die opvoeding en geestelike vorming van die eerste mense as sodanig, en net by wyse van analogie ook op dié van die allereerste mensepaar.

[4] Liggaamlik is Adam verder wel uit die eterdele van die fynste leem deur My wil geskape en gevorm volgens die geldende orde, soos wat Ek julle dit nou getoon het; en toe hy deur ervaring deur My wil eenmaal so kragtig geword het dat hy om hom heen `n uiters intensiewe, uiterlike lewensfeer gevorm het en hy op `n keer moeg van die werk en die reis in diepe slaap val, was die tyd ryp om `n natuursiel, wat saamgestel was uit al die natuurlike vlakke wat aan julle bekend is, in die uiterlike lewensfeer van Adam te plaas.

[5] Hierdie siel begin, terwyl sy haar in die uitstralende lewensfeer van Adam bevind, dadelik uit die uitstralende deel van Adam of te wel uit sy oorvloedige lewensdamp, wat vir haar uiters lieflik was, `n liggaam te vorm volgens My wil en My orde, soos wat hedendaags siele van gestorwenes dit nog gewoonlik doen as hulle vir enige oomblikke aan die mense wil verskyn. Binne drie dae was sy heeltemal daarmee klaar.

[6] Toe Adam daarna ontwaak, sien hy vol verbasing en vreugde sy ewebeeld naas hom, wat hom natuurlik uiters toegedaan was en moes wees, omdat sy liggaamlik ook uit sy wese afkomstig was.

[7] In die omgewing van sy hart voel hy wel iets drukkends, maar dit was heel aangenaam, ook voel hy by tye `n soort leegheid - dit was die begin van geslagtelike liefde - en hy kon die beeld, wat hy dadelik so bekoorlik vind, nie weer loslaat nie. Waar hy gaan, volg die vrou hom en gaan die vrou êrens heen, dan kon hy haar beslis nie alleen laat gaan nie. Hy voel die waarde en die liefde van die vrou en sê daarom in `n oomblik van heldersiendheid:; 'Ons, ek `n man, en jy `n vrou wat volgens Elohim se plan ontspruit het aan my ribbes (in die hartstreek), is sodoende een vlees en een liggaam; jy is die lieflikste deel van my liggaam en so sal dit verder bly, en die man sal vader en moeder (sy manlike erns en sy sorg) verlaat en sy vrou toegedaan wees!'

[8] As daar egter staan dat Elohim by Adam daardie deel met vleis bedek het waar Hy die rib by hom weggeneem het, dan sal tog hopelik niemand van julle so dom wees om aan te neem dat Elohim Adam werklik verwond het om van hom `n rib af te neem, om uit die kleine rib `n volwasse vrou te laat ontstaan nie. Die ribbes is `n uiterlike, stewige beskerming van die tere, innerlike lewensorgane.

[9] As Dawid sê: 'Elohim, ons vaste burg (vesting) en `n sterk skild!' - is Elohim dan werklik `n vaste burg wat uit louter vierkantige klippe gebou is, of `n groot ysterskild?!

10] So is dit ook met die rib waaruit Eva sogenaamd sou afstam! Hierdie rib is slegs `n simbool vir die saak waaroor dit gaan en dit is Adam se innerlike, kragtige liefdeslewe. En die rib, as beskerming van hierdie lewe, word deur Moses in die Skrif ten eerste opgeneem omdat dit die lewe beskerm en sodoende, omdat dit `n uiterlike skild van die lewe is, dit ook as beeld voorstel; en ten tweede omdat later `n goeie, troue en liefdevolle vrou ook as `n beskerming, skild en beskutting van die lewe van die man te beskou is en daarom simbolies ook heel goed as `n rib van die man gesien kan word; en ten derde omdat die uitstralende lewenseter* vir die innerlike, natuurlike lewe van die siel ook `n geweldige beskerming is, waarsonder die mens geen tien sekondes lank sou kon lewe nie.

**Lorber skryf: 'Außenlebensäther', soms ook 'Außenlebenssphäre'waarmee bedoel word: `n eteriese stralingsveld wat vanuit die liggaam (van mens, dier, plant, planeet) na buite tree.*

[11] So het Eva dan, wat betref haar tere, liggaamlike wese, ontstaan uit Adam se oorvloedig uitstralende lewenseter; en omdat hierdie lewenseter haarself versprei vanuit die omgewing van die ribbes en die borskas en die mens sodoende ver van alle kante omgeef het, kon Moses, wat heel goed geweet het om vergelykende beeldspraak toe te pas, Eva heel tereg

uit `n rib van Adam laat ontstaan het en deur Elohim die wond van Adam met die vlees van Eva laat toemaak of daardeur laat vervang het. Want Eva was immers die vlees wat uit die uitstralende lewenseter van Adam ontstaan het, waarmee Elohim Adam dit wat hy van sy uitstralende lewenseter afgestaan het, vergoed en op dié wyse die wond toedek met die vir Adam hoogs aangename vlees van Eva, wat dan eintlik ook vlees van Adam was."

## Die viervoudige betekenis van die Mosaïese skeppings-geskiedenis

**163**(Die Meester:) "Kyk, op dié manier moet Moses gelees en met die natuurlike verstand ook begryp word! Sekerlik is daar ook nog `n diepere, innerlike, suiwer geestelike betekenis aan die hand waarvan die hele skeppingsgeskiedenis hoofsaaklik gesien moet word as die skeppende werk van Elohim, waarin Hy die mense sodanig wil vorm dat hulle hulleself en Hom as hul Alles sal erken en liefhê. In dié sfeer wandel Elohim geestelik met Adam en leer Hy hom, gee hom wette, tugtig hom as hy fouteer en seën hom weereens as Adam, of eintlik die eerste oer-mensdom van hierdie aarde, as hy Elohim erken, liefhet en binne Sy orde leef.

[2] Ook al gebeur dit nie soseer op die materiële vlak nie, dan gebeur dit tog geestelik en dit ook by nog baie suiwer, onbedorwe en hoogs eenvoudige mense heel sigbaar as iets natuurliks Daarom kan mens Moses selfs op vier maniere lees en tog steeds goed en suiwer verstaan.

[3] Ten eerste: Vanuit `n suiwer natuurlike perspektief, wat `n noodwendige wording laat sien in sekere periodes volgens die ewig onveranderlike orde van Elohim. Hierdie is `n bron van kennis vir alle natuur-wetenskaplikes en daaruit kan hulle hul gevolg-trekkings maak, wat andersins onmoontlik as baie oppervlakkig kan wees; langs hierdie weg kan hulle behoorlik baie ontdek, maar daarby tog nooit vaste en betroubare grond onder hulle voete kry nie.

[4] Ten tweede: Sowel vanuit `n natuurlike as `n geestelike perspektief. Hierdie sienswyse, wat ewen-eens die hoogste waarheid bevat, is vir die mense wat strewe na die welgevalle van Elohim die beste, omdat daar beide, sê maar hand aan hand, duidelik in daad en uiterlike verskyningsvorm sigbaar en verstaanbaar word. *(NB : Op hierdie wyse is ook "Elohim se Huishouding" gegee)*

[5] Ten derde: Suiwer geestelik, waarby die natuurlike verskynsels en die tydelike vorms en veranderinge daarvan algeheel buite beskouing gelaat word. Dit gaan daarmee net om die geestelike ontwikkeling van die mens, wat deur Moses heel treffend in die ooreenkomstige beelde uit die natuur weergegee is. Dit is die taak van alle Godgeleerdes aan wie die innerlike ontwikkeling van die mense toevertrou is, om dít te verstaan.

[6] En ten slotte en vierdens: Suiwer hemels, waar die Meester Alles in alles is en alles betrekking het op Hom. Hoe die mens hierdie saak egter moet opvat en verstaan, kan julle nie vroeër begryp voordat julle deur die volle wedergeboorte van jou gees één geword het met My, soos wat ook Ek één is met die Vader in die hemel, maar met dié verskil dat julle almal één met My sal wees as afsonderlike persoonlikhede, terwyl Ek en die Vader, wat My liefde is, met mekaar in `n ewig enkelvoudige (een enkele) persoonlikheid volmaak één is.

[7] Liewe vriend Cyrenius, nou hoop Ek dat jy `n beter mening sal hê oor Moses; of dink jy soms tog nog dat Moses - na jou mening soos byvoorbeeld `n blinde - nie geweet het wat hy geskryf het nie?!"

[8] Cyrenius sê heel berouvol: "Meester, laat my nou beskaamd en stil wees en swyg; want ek sien my groot en growwe onsin nou wel in. Ek wil van nou af aan slegs luister en self nie `n woord meer sê nie!"

[9] Toe kom Cornelius na My toe en sê: "Meester, staan my toe om tans, voor die son heeltemal opgegaan het, ook iets te sê en `n miskien nie al te onbelangrike vraag nie te stel, of eintlik `n opmerking te maak!"

[10] Ek sê: "Gaan jou gang; wat jy op jou hart het, moet gesê word!"

[11] Cornelius gaan verder: "Ek is daarvan oortuig dat dit met die geskrifte van Moses presies so gesteld is soos U ons nou so duidelik uitgelê het en ons mense sou wel in staat kon wees om die eerste, tweede en derde betekenis deur ooreenkomstige beskouinge uit te redeneer; want daar moet immers wel ooreenkoms wees tussen al die geestelike en die materiële. Maar wie behalwe U het die regte sleutel daarvoor?

[12] Wat U ons nou uitgelê het, verstaan ons nou natuurlik wel; maar na my wete het Moses vyf boeke geskryf. Hulle het min of meer dieselfde styl en dieselfde gees. Wie kan hulle lees en wie kan hulle verstaan?! Wel, sou dit dan nie moontlik wees om `n heel algemene riglyn daarvoor aan ons te gee nie? Ek sal wat my betref, my van nou af aan hoofsaaklik met die gewyde Skrif van die Judeërs besig hou. Omdat ek vir my `n goeie kopie daarvan uit die tempel laat verskaf het, sou ek ook graag wil verstaan wat ek daarin lees.

[13] Die Hebreeuse taal beheers ek volkome, en die woordelikse inhoud van die Skrif verstaan ek heelte-mal; maar wat het ek aan die letterlike betekenis van die woorde en die materiële inhoud daarvan as ek nie die gees daarvan kan deurgrond nie? O Meester, gee ons daarom `n sodanige riglyn dat ons kan verstaan wat ons lees!"